

27 Maart

Skrifgedeelte: Lukas 5
Fokusgedeelte: Lukas 5: 27-32 (in besonder vs 32)

Bekering en inkeer!

Weet jy dat jy 'n sondaar is? Dit is die lewensbelangrike vraag waarmee hierdie gedeelte ons elkeen konfronteer! Dit is ook die vraag waartoe die Kategismus ons in Sondag 2-4 bring (nl. sonde en ellende).

In die konteks word Levi (Matteus) as tollenaar geroep om Jesus te volg. In die voorafgaande het Jesus geopenbaar dat Hy by magte is om sondaars te vergewe. In hierdie gedeelte wys Hy dit prakties deur die voorbeeld van Levi. Die Skrifgeleerdes en die Fariseërs het by die dissipels gaan skinder (murmureer): "Waarom eet en drink julle saam met tollenaars en sondaars?" (vs 30), na aanleiding van die feesmaal wat Levi in sy huis ter ere van Jesus gehou het. Jesus antwoord hulle in vers 31-32: "Dié wat gesond is, het nie 'n dokter nodig nie, maar dié wat siek is. Ek het nie gekom om mense wat op die regte pad is, tot bekering te roep nie, maar sondaars." Dit is waarom Jesus gekom het – vir sondaars soos u en ek. Hy sê self, om die klem van sy verlossingswerk te beklemtoon, dat Hy NIE gekom het vir regverdiges wat NIE hulle sondes voor die Here besef nie, maar vir sondaars wat dít wel besef.

So het die Fariseër in die gelykenis NIE sy eie sonde raakgesien en besef nie! Die noodwendigheid dáárvan is ... hy besef ook NIE dat hy vir Christus nodig het nie (Luk. 18). Hy het in sy sondigheid gedink dat hy sy eie verlossing kon verdien. Ons sien wel by die tollenaar kragtens die Heilige Gees iets heeltemal anders. Hy bid nederig voor die Here: "O God, wees my, sondaar, genadig" (vs 13).

Dit is juis die Heilige Gees wat die berou in die sondaar se hart werk (Ps. 32; Joh. 16:8)! Dit is die Heilige Gees wat jou aan Christus se versoeningswerk bind (Rom. 6) en dit is die Heilige Gees wat jou leer HOE om waarlik in dankbaarheid te leef (Rom. 12; HK So 32 en 33).

Mag die Heilige Gees ons daartoe help om as bekeerdes op ons ware dankbaarheidspad te volhard!

Sing: Psalm 32:1 (1936)

Ds. GJ (Gert) Erasmus (Komatipoort)